**_ELJADA HUIS MSW_**
MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

13 Februarie 2014

Dagsê Almal

Spreuke 8: 17 – "Ek het dié lief wat My liefhet; dié wat My soek vind My..."

Hierdie woorde gryp my aan die hart wanneer ek weereens iemand voor my het wat hierheen gestuur is vir hulp en ondersteuning. Wanneer ek telkemale vra "Watter rol speel die Here in jou lewe" en ek 'n vae antwoord kry "Ek bid en ek gaan nou na dáárdie kerk" besef ek my werk hier is nog lank nie klaar nie. Om elkeen van hulle aan die arm te vat en te lei na die Here is waarom Hy my hier geplaas het sodat hulle Sy groot liefde kan ervaar. Ek ervaar ook 'n groot hartseer wanneer die wil van die Here telkemale omgedraai word na die eie wil wat weer wil heers. Ek bid elke oggend vir Sy leiding om my meer geduld te gee want soms verloor ek moed en voel ek of ek my tyd mors maar Ds. Willem het my op so 'n moedverlore dag sag aan die arm gevat en gesê "Jy plant die saadjie, maar God sal dit laat groei." Ek vra dat julle asseblief aan my en Petro sal dink in jul gebede want dit hou ons regop en stel ons in staat om voort te gaan. Dankie.
Ek is ook gevul met groot kommer rondom ons finansies en kosvoorraad wat baie swaartrek om in ons behoeftes te kan voorsien. Ons bankbalans staan op R7 700 wat beteken ons sal nie ons verpligtinge kan nakom teen einde Februarie nie. Ons kook vir 37 mense en poog om vir elke gesin 'n naweek kospakkie te gee. Gister het nog 'n gesin van 8 aangeklop vir ondersteuning en vandag sluit nog 3 aan. Maandae en Woensdae het ons die Koningskinders wat ook bygetel moet word wat wissel tussen 5 en 10. Hierdie mense kry net genoeg om in een maaltyd per dag vir 3 dae te kan voorsien oor 'n naweek aangesien ons nie voldoende het om meer te kan gee nie.
Ons het direksievergadering Woensdag 19 Februarie en ek sal dan volgende Donderdag 'n finansiële verslag in my nuusbrief insluit.
Dawid staan gister vol selfvertroue in die deur van die naaldwerkkamer waar ek besig is om te help en sê "Wil jy nie met jou fantastiese kontakte vir ons nog 'n paar bakstene wat kort om die stoep se bouwerk klaar te maak kry nie?" Dankie vir jou vertroue Dawid maar ek maak net op die Here staat om in my behoeftes te voorsien was my antwoord maar in my agterkop weet ek daar is nie finansies om self te koop nie. Ons kort ongeveer 1000 boustene want dit word gepleister en indien iemand kan help sal ek BAIE, BAIE dankbaar wees.
Dit is so lekker om te sien hoe die kindertjies skool geniet en ek dink terug aan my eie kinderdae. Die nuwe jaar het soveel uitdagings en dan kom staan Tanya, Su-marie en Dane by my met briefies van geld wat die skool benodig: R150 elk vir Tanya en Su-marie se sentrumfooie en R115 vir 'n wiskunde handboek. Dane benodig R500 by die Tuine Tegniese skool vir tekenapparaat.
Die susterssaamtrek is vir ons ook nou al 'n jaarlikse hoogtepunt en ek onthou hoe Bernadine verlede jaar my aan die arm kom vat het en gesê het dit was 'n Hemelse ervaring vir haar. Hier is 15 dames wat dit baie graag wil bywoon en ek vra asb. vir borge vir die R100. Baie dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete
Annatjie

**_Bankbesonderhede_**
**Eljada Huis,**
**Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

**_NOODROEP VANUIT DIE KOMBUIS!!!!!_**

- **KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, macaroni, spaghetti, koffie, boksmelk, margarien, konfyt, stroop, grondboontjie botter, bovril, kookolie, kitsontbytkos, soppoeier, speserye, eiers, aanmaak koeldrank.**
- **Toiletware – skeermesse, toiletpapier, badseep, sjampoe, aanrol, spuitgoed, waspoeier en sunlight seep.**

**Vir die huis:**
Tuinstoele, Stoele en tafels vir ons nuwe buite-eetkamer en stoep, waaiers, alle soorte bottels, appelbokse, skoendose, roomys en margarien bakkies, los kaste en tafels, rekenaars, naaimasjiene, kaste en staalrakke vir die nuwe stoorkamer wat byna klaar is, kaste vir die eetkamer.